Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanning
Subdirektoraat: Veilige Skole

Verwysing 20170124-7605
12/12/45
Navrae: OK Apollis
SN Sheik Ismail

Omsendbrief: 0005/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure, Adjunk-direkteure; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting-, Beheer en Mensbestuur (SIBMB); Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies; Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare primêre en sekondêre skole

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief lig skole in van die ondersteuning wat deur Veilige Skole voorsien word asook die verantwoordelikhede van verskeie rolspelers binne die WKOD ten opsigte van die bestuur van skoolveiligheid.*

Onderwerp: Bestuur van skoolveiligheid

1. Inleiding

1.1 Hierdie omsendbrief moet saam met omsendbriewe 0099/2000 en 0031/2012 (**Bylae A**) gelees word en vervang nie die voorafgenoemde omsendbriewe nie.

1.2 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) en onderwysvakbonde is bekommerd oor die misdaadvlak in ons skoolgemeenskappe. Die *Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole* bepaal dat verskeie rolle, verantwoordelikhede en aksies ten opsigte van sake aangaande veiligheid en sekuriteit van openbare skole gevolg moet word. Vind asseblief aangeheg die relevante wetgewende raamwerk as **Bylae B**.

1.3 Hierdie omsendbrief het ten doel om skole aan die funksies van Veilige Skole en die rolle en verantwoordelikhede van verskeie rolspelers ten opsigte van veiligheid en sekuriteit by skole te herinner. Vind asseblief aangeheg die lys van verskeie belanghebbendes as **Bylae C**.

2. Veilige Skole se doelwitte

Veilige Skole het 'n drieledige strategie wat aan die vyf program-areas gekoppel is.

2.1 Die drieledige strategie bestaan uit die volgende:

(a) *Misdaadbeheer* deur die omgewing aan te pas, byvoorbeeld, gedeeltelike omheining (minder as 30 meter), diefwering, alarms en gewapende reaksie.

(b) *Voorkoming van misdaad* deur op houding- of gedragsveranderinge te fokus (ontwikkelingsprogramme vir leerders, opvoeders en ouers).

(c) *Sistemiese programme wat* op sistemiese ontwikkeling, gemeenskapsverhoudings en doeltreffende vennootskappe fokus (vennootskappe met ander departemente en nie-regeringsinstellings en gemeenskapsverhoudings).

2.2 Die vyf program-areas het ten doel om:

(a) veiligheid- en sekuriteitsmeganismes by die skool te verbeter (die leidende departement is die WKOD — beheerliggame, skoolbestuurspanne (SBS'e), verteenwoordigende leerderraad (VLR) en skoolveiligheidskomitees (SVK's));

(b) bestuurstelsels vir skoolveiligheid te verbeter (die leidende departement is die WKOD (Veilige Skole)).

(c) toepaslike wetstoepassing te fasiliteer (die leidende departement is die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)).

(d) 'n samewerkende skoolgemeenskapskultuur met 'n gemeenskapsgeoriënteerde probleemoplossingsbenadering te bou (die leidende departement is die Departement van Gemeenskapsveiligheid (DvGV)).

(e) middelmisbruik te verminder (die leidende departement is die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO)).

Let asseblief daarop dat die WKOD 'n ondersteuningsrol in die program-areas speel waar ander departemente die voortou neem.

3. **Veilige Skole se dienste**

Die volgende Veilige Skole-dienste is beskikbaar:

3.1 Beroepgesondheid en -veiligheid (BGV)-opleiding

- Om opvoeders in staat te stel om planne te ontwikkel om risiko's te verminder en watter stappe in 'n noodgeval gevolg behoort te word.
- Instelling van 'n funksionele skoolveiligheidskomitee (SVK).
- Opleiding van Beroepsgesondheid en -veiligheidskomitee.
- Ontwikkeling van 'n veiligheids-/gebeurlikheidsplan, 'n rampbestuurvoorbereidingsplan, 'n besigheidkontinuïteitsplan en 'n voorbereidingsplan vir nywerheidsoptrede.

3.2 Opleiding vir middelmisbruik

(a) Dwelmtoetsing

- Voorsiening van multipaneel-dwelmtoetsapparate met opleiding oor hoe om dit te gebruik en hoe om rekords te behou.
- Om gebruikers vroegtydig op te spoor en in ontwikkelingsprogramme te plaas.
- Om die prestasie van geïdentifiseerde skole deur middel van geteikende bystand en ondersteuning te verbeter.

(b) Visentering (deursoeking) en beslaglegging

- Organiseer werksessies oor die riglyne vir willekeurige visentering en beslaglegging.
- Om alle onsekerhede en grys areas aan te spreek.
- Om 'n herstellende benadering deur middel van lewensvaardighede en afleidingsprogramme te verseker sodat leerders verantwoordelikheid vir hulle lot kan neem.

3.3 Konflikhantering en portuurbemiddeling

- Om opvoeders en leerders met die nodige vaardighede toe te rus om konflik op 'n opbouende manier te hanteer.
- Om leerders te leer om portuurbemiddelaars in plek te hê.
- Om skole in die bestuur van leerderkonflik by te staan.
- Om 'n positiewe verandering in die gedrag by die skool te skep.

3.4 Jeugontwikkeling

- Die voorsiening van lewensvaardighede vir risiko-leerders is, om moontlike probleme te voorkom, of om bestaande situasies ten opsigte van tienerswangerskap, seksualiteit, seksuele mishandeling, dwelmmisbruik, geslagsongelykheid, geslagsgebaseerde geweld, MIV en vigs, rassisme en ander maatskaplike probleme beter te hanteer.
- Deel inligting met leerders.
- Uitreik na skoolgemeenskappe deur geïntegreerde vakansie- en naskoolse programme.
- Om 'n positiewe invloed op leerders en gemeenskappe te wees.
- Ontwikkeling van terug-skool-toe-programme.
- Vestiging van funksionele jeugklubs. Jeugklubfunksie soos 'n substruktuur van die Verteenwoordigende Leerderraad (VLR).
- Organisering van jeugkampe.

3.5 Trauma-ondersteuning — gespesialiseerde ondersteuning word in die geval van trauma voorsien.

3.6 Opvoedkundige inrigtings word aangemoedig om toegang tot die ondersteuning wat deur Veilige Skole aangebied word, te verkry en van die bogenoemde dienste (opleiding, programme en ondersteuning) gebruik te maak deur skriftelik via die Veilige Skole-distrikskoördineerder aansoek te doen. Die voorafgenoemde aansoeke moet die veiligheidsbehoeftes van die betrokke inrigting insluit.

4. **Trauma-ondersteuningsbaan en kommunikasieprotokol**

4.1 Ten einde trauma-ondersteuning te fasiliteer, moet die volgende funksies deur die betrokke rolspelers nagekom word:

(a) Die prinsipaal —
- kommunikeer met die Veilige Skole-inbelsentrum;
- lei die skool se veiligheidskomitee om die situasie te ontlont (*ingryping*);
- kontak die familie van die oorledene of beseerde;
- lig die kringbestuurder en beheerliggaam in (*voorsien inligting*);
- is sigbaar en ondersteunend;
- voorsien akkurate inligting aan leerders, personeel en ouers;
- ruim gerugte uit die weg deur opgedateerde feitelike inligting te voorsien; en
- stel gepaste terugvoer saam.

(b) Die skoolveiligheidskomitee (beheerliggaamsubkomitee) skakel met —
- Veilige Skole-inbelsentrum
- SAPD
- Mediese personeel
- Ouers
- Prinsipaal

(c) Die skoolgebaseerde ondersteuningspan (SGOS)/opvoeder (is opgelei om die eerste vlak van psigososiale ondersteuning te bied) —
- dra deurlopende inligting, soos deur die prinsipaal verskaf, oor.
- reageer op 'n ouderdomgepaste wyse op die geaffekteerde klas;
- bespreek die verwysing van leerder/s wat berading by die SGOS kan versoek;
- verskaf aktiwiteite om trauma te verminder en druk emosies deur middel van kunswerke, musiek, skryf, ens. uit;
- voeg die traumatiese voorval by die kurrikulum; en
- moedig ouers aan om ondersteuning aan hulle kinders regdeur hierdie verrigtinge te voorsien.

(d) Die Veilige Skole-inbelsentrum —

- dien as 'n koördinerende sentrum waaruit verwysings na toepaslike agentskappe gemaak word en waarvandaan noodsaaklike inligting onder die betrokke partye versprei word;
- persone ontvang aanlyn-berading tydens krisisoproepe en in nie-krisis-gevalle word persone wat inbel, na die beradingsagentskappe van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, nie-regeringsorganisasies en gemeenskapsgebaseerde organisasies verwys, waar nodig.
- kan via die tolvrynommer **0800 45 46 47** gekontak of ge-e-pos word by safeschools.wced@westerncape.gov.za ten opsigte van die volgende:
  - noodgevalle/krisisse (bv. bendegeweld, trauma)
  - misdaad by skole (bv. inbraak en vandalisme, roof, diefstal, fisiese aanranding, ens.)
  - misbruik (bv. fisiese, emosionele, lyfstraf, middels, seksuele teistering, seksuele mishandeling, verkragting, kinderhandel, kinderverwaarlosing).
  - algemene navrae (bv. tienerswangerskap/aborsie, beheerliggaamkwessies – suspensie, skorsing, gedragsprobleme, skooluniform, registrasie van leerders, verpligte skoolbywoning en skoolgelde, MIV/vigs, ens.).

(e) Die Veilige Skole- koördineerder (by die distrikskantoor gebaseer) —

- maak hom-/haarself beskikbaar en kanselleer alle ander aktiwiteite;
- skakel met Bestuurder: Leerderondersteuning (senior opvoedkundige sielkundige en/of toesighouer vir Maatskaplike Dienste) ten opsigte van ondersteuningsplan;
- som die situasie en die aard van die vereiste ondersteuning wat benodig word, op (in samewerking met die Hoof: Leerderondersteuning);
- skakel met Veilige Skole-inbelsentrum;
- ondersteun skoolgemeenskappe in hulle pogings om weer beheer oor die situasie te verkry;
- vra bystand van en fasiliteer die koördinering van wetstoepassingsagentskappe;
- voorsien bygewerkte inligting aan alle betrokkenes;
- stel intervensieprogramme bekend om oorsake te identifiseer, en voorsorgmaatreëls om enige situasie te beheer.
- uitbreiding of byvoeging van enige nodige fisiese sekuriteitsinfrastruktuur;
- doen verslag aan die Bestuurder: Strategiese, Inligting-, Beheer en Mensbestuur (SIBMB);
- hou kringbestuurder op hoogte; en
- hou 'n rekord van leerders en personeel wat geaffekteer is en voorsien opvolgondersteuning.

(f) Bestuurder: Leerderondersteuning (by die distrikskantoor gebaseer) —

- som die situasie en die aard van die vereiste ondersteuning/intervensie wat benodig word, op (in samewerking met die Veilige Skole-koördineerder);
- kontak die senior opvoedkundige sielkundige en/of die toesighouer vir maatskaplike dienste;
- bestuur die psigososiale ondersteuningsplan in samewerking met die senior opvoedkundige sielkundige en/of toesighouer vir maatskaplike dienste;
- fasiliteer ondersteuning van lede van die spesiale leerderonderrig-ondersteuningspan (GLOO) om kruisgrensondersteuning te bied.
- dien 'n skriftelike ondersteuning by die Veilige Skole-inbelsentrum in indien addisionele ondersteuning benodig word; en
- doen verslag aan die kringbestuurder.

(g) Senior opvoedkundige sielkundige en/of toesighouer vir maatskaplike dienste (by die distrikskantoor gebaseer) —
- maak hulself so gou as moontlik beskikbaar en tree dieselfde dag al met die skool in verbinding;
- stel 'n sielkundige/s en/of maatskaplike werker/s aan om die leerders en opvoeders te ondersteun;
- lig die skool dienooreenkomstig oor die voorgestelde ondersteuningsplan in;
- vind terapielokale vir ontlonting/berading;
- hou rekord van die leerders en personeel wat geaffekteer is, bied opvolgondersteuning en deel die inligting met die relevante professionele vennote in die beste belang van die kind; en
- doen verslag aan die Hoof: GLOO.

(h) Kringbestuurder (by die distrikskantoor gebaseer) —
- monitor en bied bestuursondersteuning aan prinsipaal/skool; en
- hou distriksdirekteur ingelig.

(i) Distriksdirekteur —
- hou toesig oor die ondersteuning aan skole; en
- hou die Hoofdirekteur: Distrikte, ingelig.

(j) Veilige Skole-veldwerkers — voorsien ondersteuning aan die Veilige Skole-koördineerder.

(k) Bestuurder: SIBMB (by die distrik gebaseer) —
- gee die Veilige Skole-koördineerder opdrag om oorkoepelende verantwoordelikheid vir die beheer en koördinering te neem.
- gee kringbestuurder opdrag om saam met prinsipaal te werk; en
- doen verslag aan distriksdirekteur.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeellede.

6. Ek wil graag 'n beroep doen op alle betrokkenes om te help om ons skole 'n veilige omgewing vir al ons kinders te maak. Sodoende kan onderrig en leer van goeie gehalte ten alle tye plaasvind.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-02-17

Western Cape Government
Education

Directorate: IMGP
Education Safety Management: Safe Schools

Reference: 20120810-0028
13/12/45
Enquiries: Nariman Khan

Circular: 0031/2012
Expiry date: None

To: Deputy Directors-General, Chief Directors, Directors, Deputy Directors, Circuit Team Managers, Heads: Curriculum Co-ordination & Advice, IMG Managers, and Principals and Governing Body Chairpersons of public primary and secondary schools
Short summary: This circular introduces the revised Safety in School Science Policy and Protocol

Brief summary: Reporting of school crime and abuse

Subject: Safe Schools Call Centre – Reporting of school crime and abuse

1. This circular must be read in conjunction with Circular 0099/2000 and does not replace that circular, but reiterates the function of the Safe Schools Call Centre and encourages the ongoing reporting of ALL school crime and abuse. The school must take the initiative in encouraging the community to report all incidents of crime and violence to the Safe School Call Centre. This could be done through safety-related messages in all school correspondence sent to parents.

2. The Safe Schools Call Centre

   - can be reached at toll-free number **0800 45 46 47**;
   - provides immediate, free, online communication to learners, parents and teachers needing help, guidance or information regarding education-related issues (The aim is to assist educators and learners to teach and learn in a safe, crime-free school environment.);
   - is open from Monday to Friday, 07:00 to 16:00, and is situated at the WCED Head Office on the second floor;
   - provides a service in the three official languages of the Western Province: Afrikaans, English and Xhosa;
   - serves as a co-ordinating centre from which referrals are made to appropriate agencies and from which vital information is disseminated to the relevant parties; and
   - is linked with an extensive network of service providers that support the work of the Call Centre.

3. Current Operations

Callers receive online debriefing during crisis calls and, during non-crisis calls, are directed, when necessary, to the counselling agencies of the Western Cape Education Department, non-governmental organisations and community organisations.

Members of school communities are encouraged to telephone the toll free number **0800 45 46 47** with regard to the following:

Emergency or Crisis

Call Centre agents respond to these calls immediately. They will contact the South African Police Services or the applicable emergency service with regard to the following:

- **Gang violence**
  Gang violence and its disruption of normal teaching and learning have reached alarming proportions in some areas of the Western Cape. The Call Centre will ensure that schools receive assistance in dealing with gang presence on the school premises, gang intimidation and threats, gang shootings and gang killings.

- **Trauma**
  The Call Centre will provide assistance in the event of any traumatic incidents, such as accidental deaths, suicides, hijackings, missing persons, bomb scares and weapons on school premises.

School Crime

The Call Centre responds to all incidents of school crime by offering advice on the procedures that need to be followed and by informing the relevant authorities with regard to the following:

- Property-related crime at schools, such as burglaries, arson, theft, robberies and vandalism

- Physical assault, for example stabbings, fighting and intentional inflicting of injuries

Abuse

Child abuse in communities and in educational institutions has become a serious problem. All abuse calls are handled sensitively. Initial counselling or guidance, based on the *Abuse No More Protocol* is given when necessary. The Call Centre responds to the following forms of abuse:

- Physical or emotional abuse
- Child neglect
- Sexual abuse and rape
- Sexual harassment
- Corporal punishment
- Substance abuse
- Racial discrimination
- Child trafficking or teenage runaways

General Queries

The Call Centre provides information or advice on the following:

- Teenage pregnancies and abortion
- HIV/AIDS
- General educational matters, such as governing body issues, suspensions, expulsions, trespassing, behavioural problems, school fees, registration of pupils, school uniform and compulsory school attendance

Service Providers

The Call Centre networks with a wide range of service providers: inter- and intra-dependent, non-governmental organisations, community organisations and faith-based organisations. These organisations contribute to the Safe Schools' efforts to create a safe learning environment at our schools, and are valued for their time, commitment and support.

4. Make our school environment safe. Help by reporting all incidents of school violence, vandalism, crime and any other form of abuse to the Safe Schools Call Centre at toll-free number

0800 45 46 47.

You are not alone. We are here for you.

SIGNED: PA VINJEVOLD
HEAD: EDUCATION
DATE: 2012-08-24

Western Cape Government
Education

ADDENDUM B

Relevant Legislation, Policies, Documents, Manuals

- Abuse no more: Dealing Effectively with Child Abuse, WCED On-Line Guide;
- Batho Pele Principles;
- Checklist and Procedures to ensure implementation of Safety Measures during the School Holiday. 16/2014
- Checklist for the implementation of legislative provisions of the SASA No.84 1996 and other related provisions
- Child Justice Act (No. 75 of 2008)
- Circulars on Answering of Telephones and Enhanced Service Delivery; to WCED Clients (Circular 0082/1996 and Circular 0027/2000);
- Code of Conduct for Public Servants;
- Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act (COIDA) (Act 181/1993) South African Schools Act (SASA) (Act 84/1996)
- Constitution of South Africa (Act 108 of 1996)
- Constitution of the Western Cape Province Act (1997)
- Contingency Minute – 0006/ 2011
- Corporal Punishment and Bullying
- Criminal Procedures Second Amendment Act (Act 85/1997)
- DOE Code of Conduct – 24/20089
- Employment of Educators Act (EEA) (Act 76/1998)
- Firearms Control Act (Act 60/2000)
- Government Gazette 22754, 2001: Notice 1040
- Government gazette No. 29000, Notice 876 of 2006
- Learner Attendance Policy. Government Gazette No. 33150
- Managing Safety and Security within Western Cape Education Department(Safe Schools Procedural Manual);
- National Crime Prevention Strategy (NCPS) (National RDP Office, 1996)
- National Educational Policy Act (Act 27/1996)
- National School Safety Framework (2015)
- Occupational Health and Safety Act (OHSA) (Act 85/1993)
- Protected Disclosure Act, no. 26, of 2000
- Regulations for safety measures at public schools. Government gazette No 29378
- Safe Schools Procedural Manual
- Searches and Seizure, Drug testing – 24/ 2011
- Sexual Violence in schools
- Telecommunications Act, No 103 of 1996;
- The Children's Act (No. 38 of 2005)
- The Devices to be used for Drug Testing and the Procedure to be followed (2008)

- The implementation Protocol between the Department of Basic Education and the South African Police Services on the prevention of crime and violence in all school (2011)
- The national Guidelines for the Management and Prevention of Drug Use and Abuse in all Public Schools and Further Education and Training Institutions
- The Policy Framework for the Management of Drug Abuse by learners in Schools and in Public Further Education and Training Institutions
- The Promotion of Access to Information Act no. 2 of 2000;
- The Promotion of Administrative Justice Act, no. 3 of 2000.
- The Rights and Responsibilities of Parents, Learners and Public Schools (2005);
- Vandalism to Property – 32/ 2009
- WCED Abuse No More Protocol
- Western Cape Education Amendment Bill of 2010
- Western Cape Education Provincial Act (WCPSEA) 12 of 1997

Abbreviations

WCED	Western Cape Education Department
DOCS	Department of Community Safety
SAPS	South African Police Services
DSD	Department of Social Development
SIGPM	Manager: Strategic Information, Governance and People Management
CM	Circuit Manager
DSSC	District Safe Schools Coordinator
RCL	Representative Council of Learners
SSC	School Safety Committee
OHS	Occupational Health and Safety

Western Cape Government
Education

ADDENDUM C

Stakeholders

South African Police Service

Metro Police

Law Enforcement

Provincial Disaster Management Centre

City of Cape Town Disaster Risk Management Centre

Department of Local Government

Depart of Social Development

Department of Community Safety

Directorate: IMG Advice and Coordination

Directorate: Inclusive and Specialised Education Support

Directorate: Infrastructure Planning and Management

Directorate: Curriculum GET and FET